

Dinsdag 23 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 5:18-21

Wees verstandig en laat jou beheer deur die Heilige Gees

Paulus waarsku hier teen drankmisbruik, want die gelowiges uit die heidendom weet dat deel van hulle vroeëre heidense feeste was om totaal onder die invloed van drank te wees. Nou vergelyk hy drankmisbruik met vervul wees met die Heilige Gees, want gelowig-geleef onder die invloed van die Heilige Gees. Dit gaan oor die beheer van ons lewe, want by drankmisbruik is die persoon onbeheers, terwyl die Gees ons met sy krag en deur die Woord onder beheer hou.

Ons het reeds die Heilige Gees ontvang en nou moet dit sigbaar word in ons lewe deur-dat die Gees ons beheer. Vervulling is 'n daad van God waarin Hy ons oproep om die blywende opdrag na te kom. Ons moet ons in die gebed leegmaak van sonde deur skuld-belydenis en leegmaak van bekommernis. Ons moet ons volmaak met die Woord en vas-gryp aan die belofte dat God sy Gees gee aan elkeen wat Hom vir die Gees bid en dank.

Die vervulling met die Heilige Gees raak al ons verhoudinge en skep en onderhou ons verhouding met God en ons naaste. Deur ons vervulling met die Gees is ons in staat om lofliedere te sing, en waar geestelike liedere gesing word, word sangers meer en meer met die Gees vervul. Ons sing tot eer van die Here met ons hele hart en dank Hom vir alles, vir verlossing en ook vir beproewing. Die gemeenskap met God in Christus is moontlik deur die vervulling met die Heilige Gees.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)